**Die familiegeskiedenis van Adam (OP132)**

**Gen 5:1-32**

**4 Junie 2023**

Laasweek het ons die eerste sogenaamde toledot in Genesis afgehandel. Ons het daaroor besin dat Kain en Abel onderskeidelik tipes was van die nageslag van die duiwel en die nageslag van die vrou. Ons het gesien dat selfs die nageslag van Kain, oftewel dan die nageslag van die duiwel, die algemene genade van die Here beleef. Ons het dit gesien in die feit dat Kain 'n nageslag gehad het, en boonop dat hierdie nageslag waardevolle bydraes gelewer het tot die ontwikkeling van die landbou, kultuur en tegnologie. Maar ons het ook gesien dat hulle met verloop van tyd al hoe dieper in sonde geval het, en dat hulle hulle vertroue in hulleself gestel het, tot hulle later die punt bereik het waar Lameg verkondig het dat hy enige tekortkominge wat aan hom aangerig word, selfs 77 maal sal wreek. Dit was ook die einde van die beskrywing van die nageslag van Kain. Daarteenoor, het ons gesien dat die Here weer aan Eva 'n ander nasaat gegee het in die plek van Abel, en selfs aan hierdie nasaat, Set, is ook weer 'n seun gegee, naamlik Enos. Anders as die nageslag van Kain, en soortgelyk aan Abel wat 'n offer aan die Here gebring het wat deur die Here met guns beskou is, het hierdie nageslag van Adam oor Set eerder hulle vertroue in die Here gestel en Sy Naam aangeroep.

Vandag begin ons om te kyk na die tweede toledot. Die opskrif van die eerste toledot was: "Die geskiedenis van die hemel en die aarde toe hulle geskep is". Die opskrif van die tweede toledot is in Gen 5:1 – "Die familiegeskiedenis van Adam". Hierdie toledot strek vanaf Gen 5:1 tot by Gen 6:8. Ons kan hierdie toledot in twee dele opdeel: Die eerste deel is in Gen 5, en beskryf vir ons die geslagsregister vanaf Adam oor Set tot by Noag. Die tweede deel is in Gen 6:1-8, en dit beskryf vir ons hoe die boosheid op die aarde toegeneem het gedurende die periode van hierdie geslagsregister, tot op die punt dat die Here geoordeel het dat alles wat die mens bedink, net sleg was, en die Here dus besluit het om mens en dier uit te wis. Maar, die toledot sluit af in Gen 6:8 met die stelling dat Noag guns gevind het in die oë van die Here. Soos wat die eerste deel van hierdie toledot, die geslagsregister, eindig by Noag en sy seuns, so eindig die tweede deel ook met Noag – die guns wat Noag in die oë van die Here ontvang het.

Ek wil heeltemal eerlik wees voor ons na die detail van hierdie toledot begin kyk: alhoewel ek oortuig is dat die boodskap wat die Here aan ons wil oordra redelik duidelik is om raak te sien, is daar detail in hierdie gedeelte wat doodeenvoudig moeilik is om te verstaan en te verduidelik. Ek vra dus vir geduld, en as julle oor sekere detail verskil, sal ek nie verbaas wees nie, en ons kan dit verder bespreek as julle wil. Vandag wil ek net fokus op die geslagsregister in Gen 5. Ek gaan begin om die inhoud van die hoofstuk te bespreek sonder om die uitdagings wat die hoofstuk opper, in detail te bespreek, en ek hoop om sodoende uit te lig wat dit is wat die Here primêr aan ons wil kommunikeer in hierdie gedeelte. Daarna wil ek tyd spandeer om die uitdagings wat die hoofstuk bied, uit te lig, en sal ook my opinie hieroor vir julle gee.

<u>Die inhoud en boodskap van die geslagsregister van Adam (Gen 5:1-32)</u>

Soos ons gesien het, het ons hier die familiegeskiedenis van Adam – en meer spesifiek het ons die familiegeskiedenis van Adam oor Set tot by Noag en sy seuns. Abel word nie genoem nie – want hy is dood, waarskynlik sonder 'n nageslag. Kain en sy nageslag word ook nie genoem nie – ons het reeds van hulle in Gen 4 geleer, en Kain se nageslag sou nie die Een uit die nageslag van die vrou oplewer nie. Hier het ons die nageslag van Adam oor Set – en dit is uit hierdie nageslag wat ons kan verwag dat die Een uit die vrou wel gebore sou word. Trouens, in Luk 3:23-38 lees ons die geslagsregister

van Jesus, en as jy na verse 36-38 kyk, sien jy dat Jesus afgestam het van Noag, Lameg, Metusalag, Henog, Jered, Mahalalel, Kenan, Enos, Set, en Adam – soos wat Gen 5 dit ook beskryf.

Verse 1-2 is ‘n inleiding tot die geslagsregister. Ons lees in vers 1 dat op die dag wat God vir Adam geskep het, het Hy hom as ‘n afbeelding van God gemaak. Dit gryp natuurlik terug na Gen 1:26-28 wat vir ons beskryf dat God die mens na Sy beeld geskep het. Ons het destyds besin oor wat dit beteken: Dit hou in dat die mens moet heers oor die skepping, soos wat God oor die skepping heers. Dit hou in dat die mens moet vermeerder en die aarde vul, soos wat God begin het om die aarde te vul. Maar, uit Ef 4:24, het ons ook gesien dit beteken die mens moet heilig en regverdig wees, soos wat God heilig en regverdig is. Verder verwys Gen 5:2 ook daarna dat God die mens manlik en vroulik geskep het. Wel, Gen 1:27 het ook al daarna verwys – uit hierdie vers is dit duidelik dat beide die man en die vrou na God se beeld geskep is. Ja, die vrou is die helper vir die man, maar hulle is ook gelyk siende dat beide na die beeld van God geskep is.

Sedert Gen 1 het die sondeval plaasgevind, en alhoewel dit sekerlik die mate waartoe die mens die beeld van God weerspieël geaffekteer het, het ons tog ook gesien dat die Here God steeds van die mens verwag om te heers, om te vermeerder en te vul, en hulle moet ook steeds heilig en regverdig wees – al is dit ook so dat die Here onderneem het om hierdie heiligheid en regverdigheid vir hulle te gee. Die punt is dit: As die skrywer die familiegeskiedenis van Adam wil beskryf, dan begin hy met: Adam en Eva is deur God geskep, en hulle is na die beeld van God geskep. Daarom sluit daardie geslagsregister van Jesus in Luk 3:38 af met: seun van Enos, seun van Set, seun van Adam, <u>seun van God.</u> As ons die familiegeskiedenis van Adam wil verstaan, moet ons verstaan waar dit begin – dit begin by die mens is deur God geskep na Sy beeld. Alhoewel die beeld skade gelei het weens die sonde, is die bedoeling van die geslagsregister juis om te werk na die Een wat daardie beeld volledig sal bewerk.

In verse 3-31 lees ons nou van 10 geslagte vanaf Adam tot by Noag: Adam, Set, Enos, Kenan, Mahalalel, Jered, Henog, Metusalag, Lameg en Noag. Ons lees dat die geslagsregister vir elke geslag dieselfde patroon volg (daar is enkele uitsonderings, waarna ons later sal kyk). Ons lees telkens: Toe A X jaar oud was, het hy B verwek. Na B verwek is, het A nog Y jare geleef. A het nog seuns en dogters verwek. A het altesaam X+Y jare geleef. A het gesterf. ‘n Reëlmatige patroon wat herhaaldelik herhaal word. As jy na die detail begin kyk, val ‘n paar dinge jou op:

- Al hierdie mense het op ‘n hoë ouderdom gesterf: die oudste is Metusalag wat op 969 jaar gesterf het. Lameg is die een wat op die jongste ouderdom gesterf het – naamlik op 777 jaar – dit is nou as ons vir die oomblik Henog ignoreer wat op 365 jaar deur die Here weggeneem is. Wat ook interessant is om op te let, is dat Gen 7:6 sê die vloed het gekom toe Noag 600 jaar oud was. Siende dat Lameg na Noag se geboorte nog 595 jaar geleef het, beteken dit Lameg het 5 jaar voor die vloed gesterf. Trouens, met al die detail wat hier gegee word kan ons sommetjies gaan maak – en dan sien jy al hierdie persone het gesterf voor die vloed – behalwe miskien Metusalag wat in die jaar van die vloed gesterf het – miskien het hy selfs in die vloed gesterf.
- Al hierdie mense het op ‘n hoë ouderdom kinders verwek: die jongste ouderdom waarvan ons hier lees is 65 jaar, en die oudste is 187 jaar. Ons lees ook dat hulle almal vrugbaar was. Behalwe die naam van die eerste kind wat gebore is, lees ons ook van almal dat hulle nog seuns en dogters verwek het. Dit herinner sekerlik aan die Here se opdrag dat die mens moet vermeerder en die aarde vul (Gen 1:28).
- Ons lees ook dat hulle almal, behalwe Henog, gesterf het. Dit herinner sekerlik aan die Here se oordeel na die sondeval in Gen 3:19: “totdat jy terugkeer na die grond; want daaruit is jy

geneem – ja, stof is jy, en tot stof sal jy terugkeer." Daar is egter een uitsondering – dit is Henog. Hy is die 7de geslag uit die 10 geslagte wat hier gelys word. Ons lees dat Henog naby God geleef het (Gen 5:22-23). Waltke sê ons moet hieronder verstaan dat Henog 'n bonatuurlike, intieme gemeenskap met God gehad het. Dit word net van baie besondere persone in die Bybel gesê, soos byvoorbeeld van Noag in Gen 6:9 "Hy het naby God geleef" of Abraham in Gen 24:40 "Die Here voor wie ek leef" (die "ek" is Abraham). Ons lees dat Henog op 'n relatief jong ouderdom van 365 jaar deur die Here weggeneem is. Heb 11:5 sê: "Deur geloof is Henog weggeneem, sodat hy nie die dood gesien het nie, en 'hy is nie gevind nie, omdat God hom weggeneem het'". Let op: die een wat naby God geleef het, sterf nie – verseker wil die Here hierdeur kommunikeer dat te midde van die realiteit dat die mens ook fisies moet sterf a.g.v. sy sonde, is daar hoop om nie die dood te smaak nie. Let ook op: Henog word op 'n ouderdom van 365 jaar weggeneem – 'n ver jonger ouderdom as die sterfdatums van die ander mense. Duidelik wil die Here hierdeur kommunikeer daar is iets beters as hierdie lewe – daar is daardie belofte van rus waarna die sewende dag verwys. En Henog mog op 'n relatief jong ouderdom reeds hieraan deelneem.

- Maar daar is nog 'n uitsondering in die reëlmatige patroon van die hoofstuk. Dit is in vers 29. Ons lees nie net dat Lameg vir Noag verwek het nie, nee, ons lees hy het hom Noag genoem. Die naam "Noag" beteken "troos" of "rus". Weereens, 'n verwysing na die troos of rus wat gelowiges mag verwag. Lameg sê van Noag: "Hierdie een sal ons troos oor ons werk en die geswoeg met ons hande, oor die grond wat die Here vervloek het". Duidelik verwys Lameg na die oordeel van die Here in Gen 3:17-19, na die sondeval. Jy kan die sommetjie gaan maak uit die detail wat in die hoofstuk gegee word: na ongeveer 1000 jaar van swoeg nadat die mens uit die tuin gedryf is, smag Lameg na troos en rus. Hy voorsien dat Noag vir hulle troos sal bring. Ten diepste smag hy natuurlik na die Een uit die nageslag van die vrou wat die beeld van God in hulle sal bewerk.

Die geslagsregister sluit in vers 32 af met die name van Noag se 3 seuns Sem, Gam en Jafet – Noag is die enigste persoon in die geslagsregister van wie die name van meer as een kind gegee word. En dit berei ons voor vir die detail van hulle nageslagte wat in Gen 10 gegee sal word.

Kom ons besin nou oor wat die Here aan ons wil kommunikeer in hierdie geslagsregister. Laasweek het ons in Gen 4 gekyk na die nageslag van Kain. Gen 4 het afgesluit het afgesluit met 'n kort beskrywing van die nageslag van Set. Maar hier in Gen 5 het ons nou 'n meer gedetailleerde beskrywing van daardie nageslag. As ons die nageslag van Kain vergelyk met die nageslag van Set, sien ons hier is meer geslagte – hier word 10 beskryf tot by Noag, terwyl daar in Gen 4 net 7 geslagte was. Ons sien hier in Set se nageslag lang lewens, in die nageslag van Kain was daar geen aanduiding van lewenslengte nie. Ons sien hier by elke geslag dat daar naas die nasaat wat genoem word, nog seuns en dogters verwek is – by Kain se nageslag is daar net by Lameg vertel dat hy seuns en 'n dogter gehad het. Ek hoop die punt is duidelik: In die nageslag van Set is daar baie lewe – baie geslagte, baie nasate in elke geslag en lang lewens vir die verskillende nasate. Hier is oorvloedige lewe. Hier is selfs een persoon wat nie gesterf het nie – Henog wat deur die Here weggeneem is en wat "ewig" lewe! Hier is selfs hoop op lewe na hierdie lewe.

Maar hier is nog 'n realiteit: al is hier 'n oorvloed van lewe, is die dood ook 'n realiteit – selfs in die nageslag van Set. Ja, al lewe baie van die mense selfs vir meer as 900 jaar, tog sterf hulle. En boonop, tydens daardie lang lewens is daar die harde realiteit dat dit 'n geswoeg is om te werk siende dat die Here die grond vervloek het. Ja, daar is die voorbeeld van Henog wat weggeneem is, maar die res swoeg, hulle swoeg vir jare lank, en dan sterf hulle. En dit laat hulle, of miskien moet ons sê van hulle, smag. Lameg smag na troos en na rus. Boonop gaan hoofstuk 6 ons wys dat gedurende hierdie

tyd waarin daar lang lewens was en baie vermeerdering in mense plaasgevind het, het die sonde ook toegeneem. Dit alles laat iemand soos Lameg smag na 'n nasaat wat meer as net fisiese lewe kan gee – wat troos en rus kan gee. En dit is steeds waar vandag: ons sien steeds hoe die mensdom vermeerder en die aarde vul. Maar ons ervaar ook dit is steeds 'n geswoeg, want die Here het die grond vervloek. Genadiglik, kan ons ook vashou aan die hoop op ewige lewe, wat bewerk is deur die Nasaat uit die nageslag van Eva oor Set en Noag, wat die beeld van God in ons sal bewerk sodat ons sonder vlek of rimpel die ewige rus mag beërf.

Uitdagings rakende Gen 5

In die bespreking tot dusver, het ek die inhoud van Gen 5 aanvaar soos wat dit vir ons beskryf is, m.a.w. ek het dit letterlik gelees en so gebruik. Die vraag is of dit die verantwoordelike manier is om die geslagsregister te lees. Daar is verskeie redes hoekom dit 'n vraag is waaroor ons tog 'n bietjie moet besin. Kan ek vir jou 'n paar redes noem:

- As jy die jaartalle soos wat dit vir ons in Gen 5 gegee word letterlik lees, kan jy gaan bereken dat Noag 1056 jaar na die skepping gebore is, en siende dat die sondvloed gebeur het toe Noag 600 jaar oud was (Gen 7:6), beteken dit die sondvloed het 1656 jaar na die skepping plaasgevind. Nou, ons Afrikaanse vertalings maak in die Pentateug gebruik van die sogenaamde Masoretiese grondteks. As jy egter na die Septuagint sou gaan, d.w.s. die eerste Griekse vertaling van die Ou Testament, vind jy dat die detail verskil – daar volg dat die periode van die skepping tot die sondvloed 2242 (of 2256) jaar was. Oor die algemeen word die Masoretiese grondteks as meer betroubaar aanvaar, en dit is hoekom ons vertalings hierdie grondteks gebruik. Maar ons moet kennis neem daar is 'n verskil in ander grondtekste, en dit laat ons wonder oor hoe ons die getalle moet interpreteer.
- Kidner beskryf dat ons uit al die bestuderings van die antieke beskawings weet dat daar beskawings was rondom plekke soos Jerigo al so vroeg as 7000 vC. As jy egter Ussher se berekening volg gebaseer op onder andere die jaartalle waarvan ons in Gen 5 in die Masoretiese teks lees, het die skepping eers in 4004 vC plaasgevind. Hoe verduidelik ons hierdie verskille?
- As jy na paleontoloë luister, dan redeneer hulle ook dat die mensdom al langer bestaan as sedert 4004 vC, oftewel al langer as 6000 jaar gelede. Hulle maak hierdie gevolgtrekking op grond van radiometriese bepaling van die ouderdom van fossiele wat opgegrawe word, en op grond van die sogenaamde "trees of life" wat hulle opstel as 'n opsomming van hoe hulle dink verskillende lewensvorme ontstaan het. Dit is my indruk dat hulle huidige skatting van die ontstaan van die mensdom in die orde van 150 000 jaar gelede was – dus heelwat langer as wat dit uit die jaartalle in die Bybel blyk.

Kan ek opsom: Daar is uitdagings waarvan ons moet kennis neem – Daar is manuskripte wat ander jaartalle bevat as dit wat in ons Bybels opgeteken is, daar is bestuderings van antieke beskawings wat suggereer dat die mensdom ouer is as wat ons sou dink as ons eenvoudig die jaartalle in die Bybel sou optel, en daar is paleontologiese modelle wat ook suggereer die mensdom is ouer.

Om hierdie uitdagings aan te spreek, is dit nodig dat ons in 'n bietjie meer detail na die geslagsregisters in die Bybel moet gaan kyk. Dit kan ons help om op 'n sinvolle manier oor die interpretasie van hierdie geslagsregisters te besin. Kom ons kyk na die volgende:

- In Mat 1 lees ons ook van 'n geslagsregister, die keer die geslagsregister van Jesus. Onder andere lees ons in Mat 1:8: "Asa het Josafat verwek, Josafat het Joram verwek, Joram het Ussia verwek". Ons wil veral let op die laaste gedeelte van die vers: Joram het Ussia verwek.

As jy egter deur 2 Konings sou blaai, sien jy dat Ussia wel uit die nageslag van Joram is, maar jy sien ook dat daar heelwat geslagte tussen hulle twee was: Jehoram, Ahasia, Jehoas, Amasia en dan Asarja, oftewel Ussia. Uit 2 Konings blyk dit dat daar ten minste 3 geslagte uitgelaat is in Mat 1:8. As Mat 1:8 dus sê "Joram het Ussia verwek", beteken dit nie noodwendig dat Ussia die direkte seun van Joram was nie – nee, daar kan meer geslagte tussenin wees, en al wat ons moet raaksien is dat Ussia wel iewers uit Joram se nageslag gebore is.

- Kom ons kyk na nog 'n voorbeeld. Lees Eks 6:15-19. In hierdie verse lees ons van die nageslag van Levi. Ons weet natuurlik dat Levi een van Jakob se seuns was. Ons lees hier dat Levi se nageslag Gerson, Kehat en Merari was. Verder lees ons dat Amram een van Kehat se seuns was, en dat Amram Moses se pa was. Dus, was Moses die vierde geslag na Jakob: Jakob, Levi, Kehat, Amram en dan Moses. Ons weet egter ook dat Josua ongeveer 'n tydgenoot van Moses was – hy het immers die leiding van die volk oorgeneem toe Moses gesterf het. Kom ons lees nou 1 Kron 7:23-27 Hier handel dit oor die nageslag van Efraim – wat natuurlik ook een van Jakob se seuns was. Maar let nou op hoeveel geslagte is daar van Jakob tot by Josua: Jakob, Beria en Refag, Resef, Telag, Tagan, Ladan, Ammihud, Elisama, Nun, Josua. Josua is die 9de geslag na Jakob, terwyl Moses oënskynlik die vierde geslag was. Aangesien Moses en Josua egter tydgenote was, moet ons dus aflei dat die geslagsregister van Moses in Eks 6 verkort is, en nie al die detail bevat nie. Een beginsel wat ons dus moet onthou as ons 'n geslagsregister lees, is dat dit nie noodwendig volledig is en alle geslagte aandui nie. Aan die ander kant, as iemand wel genoem word as deel van daardie register kan ons ook seker wees hy is deel van daardie register.
- Alhoewel dit so is dat geslagsregisters soos die een waarna ons nou kyk in Gen 5 detail bevat oor jare totdat elke persoon in die register 'n seun verwek het, of selfs tot die persoon gesterf het, is dit ook so dat die Bybel nooit die getalle bymekaar tel en sê: daarom was die aantal jare vanaf Adam tot Noag soveel nie – wat die getal ook al mag wees. Ons sien dit ook in Gen 11. Die punt om raak te sien is dat die hoofdoel met die detail van die jare wat gegee word, nie primêr is om die lengte van die totale periode te gee nie – ons sien dit omdat die Bybel doodeenvoudig nooit die totale optel nie.
- Dit is verder interessant om daarop te let, dat daar in Gen 5 10 geslagte is vanaf Adam tot Noag. In Gen 11 vind ons dat daar ook 10 geslagte is vanaf Sem tot Abraham. Dit laat ons dink aan Mat 1:17, waar ons lees dat daar 14 geslagte was van Abraham tot by Dawid, 14 geslagte van Dawid tot by die Babiloniese ballingskap, en ook 14 geslagte vanaf die Babiloniese ballingskap tot by Christus. En tog het ons gesien dat ten minste in Mat 1:8 is sekere geslagte uitgelaat – dit was dus nie werklik 14 nie, net 14 is genoem. Dit lyk dus of ons moet raaksien dat die skrywer iets anders wil kommunikeer as om net die detail te gee van al die geslagte, en ons sal moet besin wat dit is wat die skrywer wil kommunikeer.
- Daar het ook al die idee ontstaan dat ons die jaartalle wat in geslagsregisters soos hier in Gen 5 staan, nie as werklike jaartalle moet verstaan nie, maar eerder dat dit 'n simboliese betekenis het. Waltke bespreek in sy kommentaar oor Genesis van die voorstelle wat al gemaak is. Alhoewel ek dit nie in detail gaan bespreek nie, moet ek sê party van hulle is nogal kreatief. En dit is waar my besorgdheid lê – presies hoe gaan ons besluit wat die simboliese betekenis is?

Die vraag is nou wat is die implikasie van dit alles vir ons interpretasie van byvoorbeeld die geslagsregister in Gen 5. Ek moet sê ek word bemoedig deur die feit dat die drie kommentare waarvan ek ruim gebruik maak in hierdie studie oor Genesis, min of meer by dieselfde punt eindig – die drie kommentare is Kidner, Waltke en Collins. Kan ek hulle gevolgtrekkings soos volg opsom:

- Die doel van geslagsregisters is nie om die lengte van die totale tyd te bereken nie. Die doel van die geslagsregister in Gen 5 is dus nie sodat ons die lengte van die periode vanaf Adam tot by Noag kan bereken nie.
- Die doel is wel om die verwantskap tussen 'n voorvader en sy afstammeling(e) te gee. In Gen 5 is die punt om raak te sien dat Noag 'n afstammeling was van Set, wat op sy beurt 'n afstammeling van Adam was, wat na die beeld van God geskep is.
- 'n Verdere doel is om kontinuïteit te gee gedurende periodes waarin daar nie gedetailleerde narratief is nie. In Gen 5 leer ons byvoorbeeld baie min van mense soos Kenan of Mahalalel of Jered. Alhoewel ons niks van hulle leer nie, gee hulle kontinuïteit in die openbaringsgeskiedenis vanaf Set tot by Noag – van wie ons in die volgende toledot baie sal leer. Hierdie tweede toledot som vir ons kortliks op wat gebeur het sedert Sem se geboorte tot met Noag se geboorte – 'n lang periode van ten minste 10 geslagte, en dit help ons om die narratief wat met Noag hervat, behoorlik te kan verstaan.

Uit alles wat ons tot dusver oor gepraat het, wil ek nou kortliks my respons gee op die uitdagings waarna ek vroeër verwys het wat Gen 5 na vore bring:

- Wat die verskillende jaartalle betref wat in die Masoretiese teks versus die LXX teks, wat as basis vir die Septuagint, gebruik word, het ek nie 'n opinie nie. Ek verlaat my op kundiges in die veld, en dit blyk dat die oorheersende opinie is dat die Masoretiese teks meer betroubaar is in hierdie geval. Ek aanvaar dus die jaartalle soos wat in ons Afrikaanse Bybels gegee word.
- Wat die uitdaging aanbetref dat daar aanduidings van beskawings was meer as 6000 jaar gelede en dat paleontoloë ook redeneer dat die mensdom ouer is as 6000 jaar, reageer ek soos volg:
    - Alhoewel ek nie 'n jong aarde kreasionis is nie (m.a.w. ek is oortuig dat die aarde meer as 6000 jaar oud is, moontlik selfs baie ouer as dit), is die ontstaan van die mensdom 'n baie meer komplekse saak. Tydens ons bestudering van Gen 1 en 2 het ek aangedui dat Gen 1 nie bloot 'n narratief is nie – maar eerder 'n verhewe narratief is wat nie te letterlik verstaan moet word nie. Maar vanaf Gen 2:4 verwys die Bybel telkens na die vertellings wat volg as geskiedenis. Gevolglik is ek oortuig dat Adam en Eva werklik die eerste mense was, en ek is ook van mening alle mense stam van hulle af.
    - Uit die bespreking wat ons sopas gehad het oor geslagsregisters, blyk dit daar is die moontlikheid dat geslagsregisters, insluitend ook die een in Gen 5, nie noodwendig volledig is nie. Die doel met die geslagsregister is nie soseer om die lengte van die periode tussen Adam en Noag vir ons te leer nie. Daar kon addisionele geslagte gewees het wat nie in Gen 5 genoem word nie. Ek het lank geworstel hoe ons Gen 5 moet verstaan as dit byvoorbeeld sê: Enos het vir Kenan verwek toe hy 90 jaar oud was (Gen 5:9) – ek het gevoel dit laat min ruimte vir 'n ekstra geslag tussen Enos en Kenan. Kidner redeneer egter dat Enos op 90 jarige ouderdom óf direk vir Kenan verwek het, óf dat hy 'n voorsaat van Kenan verwek het. Laasgenoemde opsie kan beteken dat daar meer geslagte was as wat in Gen 5 genoem word. Die implikasie hiervan is dat die jare waarvan in Gen 5 gepraat word die minimum aantal jare is. Dit kan help om van die uitdagings wat ek vroeër genoem het, aan te spreek. Alhoewel die doel met die geslagsregister nie is om vir ons die totale lengte van die periode oor te dra nie, is die doel wel om aan ons te wys dat Noag wel uit die nageslag van Set, en dus van Adam, afstam.

- Ek aanvaar ook dat die ouderdomme waarvan gepraat word in Gen 5, die werklike ouderdomme is wat die betrokke persone bereik het. Ek dink ons beweeg op dun ys as ons aan elke jaartal 'n simboliese betekenis wil koppel. Ek glo die lang lewens onderstreep die oorvloedigheid van lewe in die nageslag van Adam oor Set.
- Laat ek ook nog dit sê: Ek hoor wat die paleontoloë redeneer oor die ontstaan van die mensdom. Ek erken daar is 'n verskil tussen wat hulle redeneer oor die ouderdom van die mensdom en wat ons in Genesis lees. Maar ek neem ook kennis van die volgende:
  - Die verskille tussen paleontoloë en Genesis oor die ontstaan van die mensdom is baie kleiner as die verskille tussen die ouderdom van die aarde volgens geoloë en sterrekundiges en wat jong aarde kreasioniste beweer Genesis sê.
  - Dit is ook my indruk dat paleontologie nog kan baat met verdere verfyning van hulle werk – enersyds is die radiometriese ouderdomsbepaling van fossiele heelwat moeiliker as van rotsgesteentes, en andersyds is daar ook nog verskille tussen verskillende "trees of life" afhangende van die meganisme wat die paleontoloë gebruik word om die "tree" op te stel.
  - Bykans elke kommentaar wat ek gelees het oor die geslagsregisters in die Bybel, eindig ook met die stelling dat verdere navorsing nodig is om werklik die geslagsregisters behoorlik te verstaan.

Ek sal nie verbaas wees as ons met verloop van tyd sal sien dat verdere werk in paleontologie en verdere werk oor die interpretasie van geslagsregisters in die Bybel, daartoe sal lei dat die verskillende velde nader aan mekaar beweeg nie. Immers, ken ons nog maar net ten dele.

Al stem jy nie noodwendig met al my gevolgtrekkings saam nie, hoop ek darem hierdie opmerkings help darem om jou denke hieroor te stimuleer. Ek dink egter ook steeds dat wat God aan ons wil kommunikeer, is steeds duidelik – en in lyn met wat ek vroeër bespreek het.